Laerskool Jan van Riebeeck

*Adres* Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
*Webtuiste* laerskooljanvanriebeeck.co.za
*E-pos* ontvangs@jvrprim.co.za
*Tel* 021 423 4209

16 Januarie 2026

Beste Ouer/Voog

**Inligting aan nuwe ouers/voogde rakende <u>kwartaal 1</u> se bedrywighede:**

Om by 'n nuwe skool betrokke te raak, verg soms kophou om belangrike inligting nie mis te loop nie. Ons help graag deur hierdie kort opsomming as induksie te gebruik totdat jy vertroud is met die kalender, weeklikse nuusbrief en al die ander doen & late van ons skool.

Die doel hiermee is nie om enige ander dokument te vervang nie, maar eerder om onnodige angs en onsekerhede uit die weg te ruim.

Neem asseblief kennis van die volgende kommunikasie platforms:

- Webtuiste – alle inligting betreffende Huppelland en Laerskool Jan van Riebeeck
- MyJvR – Jan Kas (aanlyn klerewinkel)
- MyJvR – Suidooster (skoolblog)
- WA-groepe – sluit by onderskeie 'community' groepe aan: Kliek hier om aan te sluit.
    - ✓ Nuusbrief
    - ✓ Graad- en klasgroep
    - ✓ Relevante sport- en kultuurgroepe

| | | |
|---|---|---|
| 14 Januarie 2026<br>Woensdag | **Skool open**<br>Slegs atletiek vir **interskole atletiekspan** oefen<br>**Nasorg** begin vandag direk na afloop van die formele skoolprogram. | ontvangs@jvrprim.co.za<br>Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za<br>Nasorghoof<br>nasorg@jvrprim.co.za |
| 16 Januarie 2026<br>Vrydag | **Senior Swemgala** – ouers is welkom om dit by te woon. Dit begin om 08:30. Leerders besluit op die dag om deel te neem. Program is reeds beskikbaar.<br><br>**Elke Vrydag word ons nuusbrief** met al die belangrike inligting van die week voor of op 10:00 gepubliseer. Maak seker dat die skool jou korrekte kontakbesondere het.<br><br>**Vrydagoggende is sinoniem met toetsperiodes** wat duidelik op die gr. 4-7's se roosters aangedui word. Graad 1-3's gebruik ook hierdie tyd om vasleggingstoetsies oor | Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za<br><br>Kommunikasie<br>megan@jvrprim.co.za<br><br>GF-DPH:<br>rache@jvrprim.co.za |

| | | |
|---|---|---|
| | die week se werk te skryf. Ons glo daaraan om ons leerders se leerwerk te versprei en slegs gedurende Junie- en November-eksamen 'n reeks van toetse te skryf. | ISF-DPH:<br>lucia@jvrprim.co.za<br><br>Akademiese hoof<br>marinda@jvrprim.co.za |
| 19 Januarie 2026<br>Maandag | **Musiek en kultuurprogram** begin vandag.<br>**Junior koor**: oefen gedurende skooltyd op Maandae 07:40-08:15 en Donderdae voor eerste pouse. Leerders moet asb. nie by klas wag nie. Bring tas saam saal toe.<br>**Senior koor**: oefen Dinsdae 07:30-08:30 en Donderdae 11:30-12:30. Leerders moet asb. nie by klas wag nie. Bring tas saam saal toe.<br><br>**Skryk- en houtensambles** het ook bepaalde oefentye. Kontak gerus die hoof van kultuur.<br>Gr. 1-7-leerders ontvang **drama-onderrig** as deel van die skeppende kunste kurrikulum.<br>Gr. 1-7-leerders ontvang **kunsonderrig** as deel van die skeppende kunste kurrikulum.<br>Musiekonderrig deur verskeie musiekonderwysers sal met ouers gekommunikeer word.<br><br>**Somersportprogram begin vandag**. Niemand hoef vooraf te registreer nie. Leerders daag op by oefening. Kontak gerus die hoof van sport. GF-onderwyser sal seker maak dat leerders die korrekte klere dra en op die regte tyd by hul eerste sportakt. Opdaag.<br><br>**Nasorghuiswerkklasse begin vir nasorgleerders vandag**.<br>Nasorghuiswerkklasse word slegs vir leerders wat by Nasorg ingeskryf is, aangebied. Gr. 1-2's se klas vind direk na skool plaas.<br>Gr. 3's se huiswerkklasse vind vanaf 14:45 – 16:00 plaas.<br>Gr. 4-7's se huiswerkklasse vind vanaf 15:00-16:00 plaas.<br>Leerders moet eers by die nasorg aanmeld voordat hulle huiswerkklasse bywoon. | Kultuurhoof<br>rolene@jvrprim.co.za<br><br>Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za<br><br>GF-huiswerkklaskoördineerder<br>rache@jvrprim.co.za<br><br>ISF-huiswerkklaskoördineerder<br>marinda@jvrprim.co.za |
| 20 Januarie 2026<br>Dinsdag | **Elke Dinsdagoggend om 08:40-09:15** kom al ons gr. 1-7-leerders en hul onderwysers in | skoolhoof@jvrprim.co.za |

| | | |
|---|---|---|
| | die saal bymekaar vir ons weeklikse **saalbyeenkoms**. Hierdie geleentheid bied samehorigheid en kameraderie. Mnr. Beets kry die geleentheid om met al die Jannies op een slag te gesels. Kontak gerus vir mnr. Beets indien jy graag 'n saalbyeenkoms wil bywoon. | |
| 22 Januarie 2026<br>Donderdag | **Jannies vir Jesus:**<br>Elke **Donderdagoggend om 07:15-07:45** mag Jannies hierdie geleentheid in die nasorgsentrum bywoon.<br><br>**17:30-17:50 - Algemene musiekvergadering in nasorgsentrum:**<br>Verdere inligting sal gestuur.<br><br>**Bekendstellingsfunksie:**<br>**18:00** – Gr. 1-7-ouers ontmoet hul **klas/graad se onderwysers** (sonder kinders) in hul klas of bepaalde lokaal om inligting rakende die jaar te deel.<br>**18:45 – Algemene vergadering** in **skoolsaal** waartydens die **Skoolhoof** al die ouers toespreek asook die **personeel bekendstel.**<br>**20:00 – Sosiale ontmoeting** buite skoolsaal waartydens ouers en personeel die jaar op 'n gesellige manier afskop. **Kaartjies vir kosbestellings word deur Karri verkoop.** Daar sal ook ietsie te drinke op die aand verkoop word. | <br>Jannies vir Jesus-koördineerder<br>lucia@jvrprim.co.za<br><br>Kultuurhoof<br>rolene@jvrprim.co.za<br><br><br>ontvangs@jvrprim.co.za |
| 30 Januarie 2026<br>Vrydag | Ons vier ons **skool se verjaardag** (31 Jan. 1921) aangesien ons skool 105 jaar oud word. Leerders trek **sivvies** aan.<br><br>*Neem kennis dat **elke laaste Vrydag van 'n maand, 'n sivviedag** is* | ontvangs@jvrprim.co.za |
| 5 Februarie 2026<br>Donderdag | **Vooraf wintersportoefeninge (netbal en rugby) begin.** Afrigters sal kommunikeer. | Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za |
| 11 Februarie 2026<br>Woensdag | **Gr. 1-3-interne redenaarskompetisie**<br>*Indien jou kind hierby betrokke wil raak, kontak die koördineerder. | Redenaarskoördineerder<br>andri@jvrprim.co.za |
| 12 Februarie 2026<br>Donderdag | **Gr. 4-5-interne redenaarskompetisie**<br>*Indien jou kind hierby betrokke wil raak, kontak die koördineerder. | Redenaarskoördineerder<br>andri@jvrprim.co.za |
| 13 Februarie 2026 | **Gr. 6-7-interne redenaarskompetisie** | Redenaarskoördineerder |

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | *Indien jou kind hierby betrokke wil raak, kontak die koördineerder.<br><br>**Valentynsdag sivvies** | andri@jvrprim.co.za |
| 16 Februarie 2026<br>Maandag | **07:30-08:30 - Sosiale media-gesprek aan ouers deur Carla de Beer** van @Digital Law. Kom luister gerus na watter invloed digitale toestelle/internet op ons kinders se ontwikkeling het. Carla sal op kunsmatige intelligensie, selfoongebruik en regsimplikasie fokus.<br>*Lokaal word nader aan tyd bekendgestel. | Organiseerder<br>marinda@jvrprim.co.za |
| 20 Februarie 2026<br>Vrydag | **18:00 Klasbraai te Conradieveld** (Huppelland)<br>Tydens hierdie geselligheid bring jy jou eie kos en kuier saam in graadverband rondom braaivleisvure (braaidromme is beskikbaar). | ontvangs@jvrprim.co.za |
| 25 – 27 Februarie<br>Wo. – Vr. | **Graad 5 en 7-skoolkamp**<br>*Leerders woon skoolkamp by waaroor onderwysers met onderskeie graadgroepe sal gesels. Al drie die registeronderwysers sal hul graad se kamp bywoon. | Graadhoof gr. 5<br>mardry@jvrprim.co.za<br>Graadhoof gr. 7<br>charlene@jvrprim.co.za |
| 27 Februarie 2026<br>Vrydag | **Junior swemgala (o.7 – o.9)**<br>*Leerders hoef nie vooraf in te skryf nie. Indien leerder wel kan swem en graag wil swem, mag hulle op die dag aan die bepaalde items deelneem. Inligting sal in nuusbrief gedeel word. Geen formele klasonderrig sal geskied nie.<br><br>**Somersport eindig** | Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za |
| 2 Maart 2026<br>Maandag | **Wintersport begin** (netbal, hokkie, rugby)<br>*program sal in nuusbrief beskikbaar wees | Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za |
| 6 Maart 2026<br>Vrydag | Gedurende die wintersportseisoen gebeur dit **soms dat die skool vroeër verdaag** aangesien onderwysers ook afrigters is en hul onderskeie sportspanne moet vergesel. Inligting hieroor sal in die nuusbrief beskikbaar gestel word. | Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za<br><br>Kommunikasie<br>megan@jvrprim.co.za |
| 11 – 13 Maart 2026<br>Wo. - Vr. | **Graad 6-skoolkamp**<br>*Leerders woon skoolkamp by waaroor onderwysers met onderskeie graadgroepe sal gesels. Al drie die registeronderwysers sal hul graad se kamp bywoon. | Graafhoof gr. 6<br>andri@jvrprim.co.za |
| 14 Maart 2026<br>Saterdag | **Dapper Stappers** | Koördineerder<br>anika@jvrprim.co.za |

| | | |
|---|---|---|
| | Sluit gerus by hierdie buitemuurse aktiwiteit aan wat elke kwartaal iewers gaan stap. Inligting sal voorsien word. Leerders en hul ouers kan die uitstappies bywoon. | |
| 18 – 19 Maart 2026<br>Wo. – Do. | **Boekverkope** sal in die **mediasentrum** plaasvind. Leerders gaan loer na boeke in klasverband en kan dan besluit om boeke te koop. Ouers is welkom om na skool ook die mediasentrum te besoek. | Mediasentrum<br>marecia@jvrprim.co.za |
| 18 Maart 2026<br>Woensdag | **Somersokkie vir gr. 5 – 7-leerders in die skoolsaal vanaf 18:00**. Kaartjies sal verkoop word. Dit sluit verversings in. Alle onderrigpersoneel betrokke by gr. 5-7 sal hierdie aand bywoon. Geen ander leerders van ander skole mag hierdie geleentheid bywoon nie. 'n Tema sal bekendgestel word waarvolgens leerders kan aantrek. | Leerderraadvoog<br>mardry@jvrprim.co.za |
| 19 Maart 2026<br>Donderdag | **Gholfdag – King David Mowbray**<br>Inligting sal in nuusbrief bekendgemaak word.<br><br>**Sportprogram vir kwartaal eindig.** | Sportorganiseerder<br>sport@jvrprim.co.za<br><br>Sporthoof<br>leon@jvrprim.co.za |
| 23 Maart 2026<br>Maandag | **Gr. 1 – 3-musiekkonsert in skoolsaal**<br>*Inligting sal bekendgemaak word. Dit vind soggens gedurende skooltyd plaas. | Musiekhoof<br>rolene@jvrprim.co.za |
| 24 Maart 2026<br>Dinsdag | **Lead4Life – graad 6** ontmoet op Conradieveld. Leierskapprogram.<br><br>**Gr. 4 – 5-musiekkonsert in skoolsaal**<br>*Inligting sal bekendgemaak word. Dit vind soggens gedurende skooltyd plaas. | Graadhoof<br>andri@jvrprim.co.za<br><br>Musiekhoof<br>rolene@jvrprim.co.za |
| 25 Maart 2026<br>Woensdag | **Gr. 6 - 7-musiekkonsert in skoolsaal**<br>*Inligting sal bekendgemaak word. Dit vind soggens gedurende skooltyd plaas. | Musiekhoof<br>rolene@jvrprim.co.za |
| 26 Maart 2026<br>Donderdag | **Gr. 7-ouers en hul kinders vertrek om die Oranjerivier te roei.** Dis 'n private uitstappie wat skool nie organiseer nie.<br>**Sivviedag**<br><br>**Markdag** – kw. 1, 2 en 3 vind plaas op die tweede laaste dag van die kwartaal. Elke kwartaal se verkoopbeurte word afgewissel tussen grondslagfase en intersenfase. Hou asb die nuusbrief dop. Leerders kry kans om | <br><br><br><br>Organiseerder<br>keenen@jvrprim.co.za |

| | | |
|---|---|---|
| | produkte tydens skooltyd te verkoop. Tafels kan deur Karri verkoop word.<br><br>**Skool verdaag tradisioneel om 13:00 elke tweede laaste dag van die kwartaal.** | |
| 27 Maart 2026<br>Vrydag | **Laaste dag van kw. 1 – vakansie!**<br>**Sivviedag**<br>**Skoolverdaag om 10:30**<br>**Ontvang rapporte/vorderingsverslae elektronies** | ontvangs@jvrprim.co.za |